HOËRSKOOL CENTURION

SELBOURNELAAN, LYTTELTON, CENTURION. GPS: GPS: S 25: 49' 48.3" / E 28: 11' 57.0"
TEL: (012) 664 5803 FAKS: (012) 664 7969 INFO@HSCENTURION.CO.ZA WWW.HSCENTURION.CO.ZA

5 November 2018

Geagte Ouer

BUSVERVOERAANPASSING EN -VERHOGING VAN BUSKAARTJIES

Die verhoging van die brandstofprys raak ons almal en so ook die skool se busvervoer. Die skool se uitgawes vir die onderhoud van die busse, asook die bedryf van die busroetes, het die afgelope jaar baie gestyg en die skool is genoodsaak om die volgende aanpassings vir 2019 te doen:

1. As gevolg van 'n gebrek aan belangstelling, sal die Monument Park / Pierre van Ryneveld-busroete nie meer in die oggende bedryf word nie, totdat die getal leerders wat daarvan gebruik wil maak, dit weer koste-effektief maak. Die roete sal in die middae soos normaal funksioneer.

2. Die koste per busrit word van R20 na R25 verhoog. Dit beteken dat die 20-ritkaartjie van R400 na R500 verhoog word en die 40-ritkaartjie van R800 na R1 000. Kaartjies wat hierdie jaar aangekoop is, verval nie en kan nog steeds volgende jaar gebruik word.

Hierdie aanpassings is om die kwaliteit van die diens, asook die lewensvatbaarheid daarvan, te verseker.

Baie dankie vir u begrip in hierdie verband.

Indien daar enige navrae omtrent hierdie aanpassings of oor ons busvervoer is, kan u mnr. Prinsloo by die skool skakel of 'n e-pos na johanp@hscenturion.co.za stuur.

Groete.

J.J. PRINSLOO
ORGANISEERDER

H.J. KOEKEMOER
WRN. SKOOLHOOF